Woordsoorte

Werkwoord

- **Hoofwerkwoord**
  - **Leksikale hoofwerkwoord**
    - **Onpersoonlik** *(dit) reën*
    - **Onoorganklik** *sit, staan, ...*
    - **Oorganklik** *memoriseer (die feite) maak ('n rok)*
    - **Dubbeloorganklik** *gee (hom) (die geld) skenk (hul) (die boeke)*
    - **Ander** Lees op VivA se Taalonderrigportaal meer oor ander werkwoorde.
  - **Koppelwerkwoord** *is, lyk, skyn, ...*
- **Niehoofwerkwoord**
  - **Hulpwerkwoord**
    - **Tyd** *het, sal, gaan*
    - **Modaliteit** *kan, wil, ...*
    - **Omskrywing** *is, word, was*
  - **Skakelwerkwoord**
    - **Direk** *probeer, ...*
    - **Indirek** *lê, sit, ...*

Telwoord

- **Hooftelwoord**
- **Bepaald** *een, ...*
- **Onbepaald** *baie, ...*
- **Rangtelwoord**
- **Bepaald** *eerste, ...*
- **Onbepaald** *hoeveelste, ...*
- **Breuktelwoord** *kwart, half, agtste, drie-agtstes ...*

Naamwoord

- **Soortnaamwoord** *kind, ...*
- **Massanaamwoord** *goud, ...*
- **Maatnaamwoord** *kilogram, koppie ...*
- **Versamelnaamwoord** *trop, swerm ...*
- **Abstrakte naamwoord** *liefde, ...*
- **Eienaamwoord** *Sandra, Pretoria, ...*

Bywoord

- **Egte bywoord** *hier, bergop, môre, soms, ...*
- **Adjektiwiese bywoord** *vinnig, gereeld, ...*
- **Voegwoordelike bywoord** *buitendien, nogtans, dus, ...*
- **Betreklike bywoord** *(die plek) waar, (die tyd) wanneer, ...*
- **Voornaamwoordelike bywoord** *hiermee, daarmee, waarmee, ...*
- **Voorsetselbywoord** *(die huis is) bo (gebou)*

Partikel

- **Werkwoordpartikel** *(lei) af, (sien) reg, (vier) fees, ...*
- **Ontkenningspartikel** *nie*
- **Genitiefpartikel** *se, s'n*
- **Infinitiefpartikel** *(om) te (ry)*
- **Konjunksiepartikel** *(óf ...) óf, (hoe ...) hoe, ...*
- **Skakelpartikel** *(sit) en/te (slaap)*
- **Deel-geheelpartikel** *van, al, ...*
- **Vergelykingspartikel** *so*
- **Betreklike partikel** *so, wat ('n verrassing)*
- **Graadpartikel** *te (vroeg)*

Voornaamwoord

- **Persoonlike voornaamwoord** *ek, jy, hy, sy, dit, ...*
- **Onbepaalde voornaamwoord** *almal, iemand, ...*
- **Wederkerende voornaamwoord** *hom, haar, ...*
- **Wederkerige voornaamwoord** *mekaar*
- **Besitlike voornaamwoord** *my/jou/sy/haar (pen), myne, ...*
- **Aanwysende voornaamwoord** *hierdie, daardie, dié, daai*
- **Betreklike voornaamwoord** *wat, wie, wie se*
- **Vraende voornaamwoord** *wie, hoekom, waar, ...*

Voegwoord

- **Neweskikkende voegwoord** *en, maar, want, of ...*
- **Onderskikkende voegwoord** *aangesien, omdat, ...*

Setsel

- **Voorsetsel** *op (die dak), ...*
- **Agtersetsel** *(my lewe) deur*
- **Alkantsetsel** *van (vandag) af*

Lidwoord

- **Bepaalde lidwoord** die [ook die argaïese vorme, soos *de, des, ...*]
- **Onbepaalde lidwoord** *'n*
- **Ontkenningslidwoord** *geen, g'n*

Adjektief

- **Selfstandige adjektief** *(die storie is) mooi, interessante (feite)*
- **Oorganklike adjektief** *(is) (Spaans) magtig, ...*
- **Voorsetseladjektief** *(is) lief (vir sport), ...*

Tussenwerpsel

(help my,) asseblief
brrr, (ek kry koud)
(ek hoor net) "woef"

Ander

Lees op VivA se Taalonderrigportaal meer oor die eksistensiële *daar*, klitiese vorme en woorde wat deur die proses van inkrimping gevorm is.

LEES MEER
oor woordsoorte op Taalonderrigportaal.

VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS

www.viva-afrikaans.org